

1. DIE HIPOTEESES: NABETRAGTING

Aan die einde van Hoofstuk 1 (Hoofstuk 1: 7) is sekere hipoteses aangaande die verband tussen studente se verhoudingslewe en hulle akademiese prestasie gestel. Dié hipoteses het gedien as basis en uitgangspunt van hierdie studie.

Noudat die resultate ingewin, verwerk en bespreek is (vir 'n opsomming hiervan word daar verwys na Hoofstuk 3: 6), kan hierdie hipoteses weer in oënskou geneem word, en kan daar gerapporteer word oor die mate waarin die resultate dié veronderstellings bevestig het al dan nie:

1.1 Hipotese 1: Studente wat sleep (VAS en NVN), vaar akademies beter as dié wat glad nie sleep nie (GN)

Hierdie hipotese is gegrond op die literatuurstudie, waar daar herhaaldelik aanduidings gevind is dat sleep („dating”) 'n noodsaaklike faktor is in gesonde persoonlikheidsontplooiing en ego-funksionering, sodat dit ook op akademiese gebied 'n positiewe uitwerking sal hê, terwyl daar in die literatuur heelwat klem gelê is op die „feit” dat studente wat nie sleep nie, 'n groep sosiaal-geïsoleerdes is, wat ly onder die gevolge van 'n verbrekking van die bande met portuurgroepe -- in so 'n mate dat hulle persoonlikheidsontwikkeling en algemene funksionering daaronder sou ly (vergelyk Hoofstuk 1: 4.4).

Op die oog af is hierdie hipotese dan ook korrek bewys. As die tabelle in die Eerste Reeks (A) nagegaan word, blyk dit dat die sleepers (vas en nie-vas-nie) in die meeste gevalle beter vaar as die nie-sleepers. (Die verskille is beduidend wat betref die steekproef as geheel en by albei geslagte op Potchefstroom.)

Maar wanneer die groepe se matriekpunt (wat, waar dit beduidend korreleer met hulle akademiese prestasiepeil, geneem is as aanduiding van hulle akademiese potensiaal -- vergelyk Hoofstuk 2: 11) in berekening gebring is as kontrole-faktor, is die onverwagte maar merkwaardige verskynsel gevind dat die VAS-groep se goeie akademiese prestasie in die meeste gevalle te danke is aan die feit dat hulle byna deurgaans beter presteer as waartoe hulle volgens aanduidings in staat was, terwyl die NVN-groep, selfs al het hulle soms baie goeie punte behaal, in bykans alle gevalle swakker presteer as waartoe hulle werklik in staat was.

Slepers is dus geen homogene groep nie. Daar moet klaarblyklik onderskei word tussen vaste en nie-vaste slepers. Dié twee groepe se akademiese prestasies verskil wel in baie gevalle nie beduidend nie (as gevolg van die besonder hoë akademiese potensiaal en die gevolglike bo-gemiddelde universiteitsprestasie van die Potchefstroomse NVN-groep - raadpleeg Tabel A(2)), maar wanneer hulle werklike prestasies vergelyk word met hulle matriekpunte, is daar geen twyfel meer nie dat hierdie twee groepe ná matriek akademies in verskillende rigtings ontwikkel het -- die VAS-groep vaar al beter, die NVN-groep al swakker.

Hierdie verskille kan toegeskryf word aan verskille in die eienskappe van die twee groepe -- eienskappe wat beide hulle akademiese prestasiepeil en die aard van die heteroseksuele verhoudings wat hulle verkies, ten grondslag lê. -- Daar is egter alle aanduidings dat hulle akademiese vordering in 'n groot mate beïnvloed word deur die aard van hulle verhoudingslewe, wat eienskappe by hulle laat ontwikkel of die groei daarvan stimuleer en omstandighede skep wat enersyds bevordelik is vir optimale universiteitsprestasie (die VAS-groep) en andersyds studente se algemene funksionering en ook hulle studies nadelig tref (die NVN-groep).

Vir 'n vollediger bespreking van hierdie resultate word daar verwys na Hoofstuk 3: 2.4.2, 2.4.3, 2.4.5, 4.2.3, 4.4, 5.2.3 en 5.4.

1.2 Hipotese 2: Studente wat vas sleep, vaar akademies die beste (dit wil sê beter as diegene wat nie vas sleep nie én as dié wat glad nie sleep nie).

Hierdie hipotese is, soos die vorige een, gegrond op die klem wat in die literatuur gelê word op die belang van hulle verhoudingslewe vir studente se optimale funksionering, maar veral op ondersoekers soos Ehrmann¹²⁾ se stellings aangaande die wenslikheid en voordele van 'n vaste verhouding („going steady” -- vergelyk Hoofstuk 1: 4.4).

Wanneer die tabelle in die Eerste Reeks (A) nagegaan word, blyk dit dan ook dat hierdie hipotese in die meeste gevalle korrek bewys is. Maar verder het dit aan die lig gekom dat die VAS-groep, selfs waar hulle nie noodwendig die beste van die drie sleepgroepe vaar nie (opmerklik by die Potchefstroomse groep), nogtans beter vaar as wat op grond van hulle akademiese potensiaal, soos gemeet aan matriekuitslae, verwag kon word.

Hierdie verskynsel kan daarop dui dat studente wat vas sleep a priori sekere eienskappe of kenmerke besit wat beide hulle bo verwagting goeie akademiese prestasie en hulle voorkeur vir verhoudings van 'n vaste aard ten grondslag lê. Daar is egter ook talle aanduidings dat hierdie gewenste eienskappe as gevolg van en binne die vaste verhouding ontwikkel en daardeur gestimuleer word, sodat vas sleep as sodanig 'n positiewe, hoewel seker gewoonlik indirekte, invloed op studente se akademiese prestasiepeil het.

Vir 'n vollediger bespreking van hierdie resultate word daar verwys na Hoofstuk 3: 2.4.2, 2.4.5, 4.2.3, 4.4, 5.2.3 en 5.4.

1.3 Hipotese 3: Studente wat glad nie sleep nie, vaar akademies die swakste (dit wil sê swakker as dié wat sleep, hetsy vas of nie vas nie).

Hierdie veronderstelling spruit uit die literatuurstudie (vergelyk Hoofstuk 1: 4,4), waar daar aanduidings gevind is dat nie-slepers, omdat hulle nie 'n deel het aan so 'n belangrike bron van sosiale interaksie nie, skade ly ten opsigte van hulle persoonlikheids groei, -integrasie en -funksionering, wat dan ook sou blyk uit hulle onbevredigende akademiese vordering.

Wanneer die tabelle in die Eerste Reeks (A) nagegaan word, blyk dit dat die GN-groep op Potchefstroom (albei geslagte) en by die mansgroep (albei universiteite) wel die swakste vaar. Hierdie verskille is egter in byna geen geval betrukkendend nie. Daar is selfs geïsoleerde gevalle waar die nie-slepers beter vaar as van die ander groepe of kombinasies van groepe.

Wanneer die studente se matriekpunte in berekening gebring word, word dit duidelik dat die nie-slepers glad nie besonder swak presteer nie. Soms vaar hulle beter, dan weer swakker as wat verwag is.

Die afleiding wat gemaak kan word, is dat daar geen duidelike patroon is ten opsigte van hierdie groep se „verhoudingslewe“ (eintlik die gebrek daaraan) en hulle universiteitsprestasie nie. Dit is egter heel duidelik dat die veronderstelde nadelige of remmende uitwerking van die feit dat hulle nie sleep nie, ten minste akademies gesproke, teengewerk word deur ander faktore.

Vir 'n vollediger bespreking van hierdie resultate word daar verwys na Hoofstuk 3: 2.4.4, 2.4.5, 4.2.3, 4.4, 5.2.3 en 5.4.

1.4 Hipotese 4: Daar is 'n positiewe verband tussen die tyd of periode wat 'n student reeds vas sleep (aantal jare) en sy akademiese prestasiepeil

Die genoemde hipotese is eintlik 'n uitbreiding op Hipotese nommer 3. Daar is geredeneer dat, indien vas sleep dan bevorderlik is vir studente se akademiese vordering, hulle al beter behoort te vaar namate hulle 'n langer periode vas sleep.

Wanneer Tabel B(1) nagegaan word, is dit duidelik dat hierdie hipotese slegs bevestig is ten opsigte van die Potchefstroomse groep (albei geslagte). By Pretoria korreleer hierdie veranderlike (swak) negatief met albei geslagte se akademiese prestasiepeil.

Daar is aangetoon dat daar verskille is in die aard (die sosiale klimaat, waardes, kommunikasie tussen groepe e.d.m.) van die betrokke twee universiteite, wat dan daartoe aanleiding kan gee dat 'n vaste verhouding vir die Potchefstromers algaande meer positiewe momente begin inhou, terwyl dit slegs aanvanklik op Pretoria die geval is.

Vir 'n vollediger bespreking van hierdie resultate word daar verwys na Hoofstuk 3: 3.2.2, 3.4, 4.3.1, 4.4, 5.3.1 en 5.4.

1.5 Hipotese 5: Daar is 'n negatiewe verband tussen die tyd (uur per week) wat studente aan sleepaktiwiteite bestee en hulle akademiese prestasiepeil

Hierdie hipotese is enersyds gegrond op die logiese veronderstelling dat tyd wat aan sleepaktiwiteite bestee word,

nie vir studeer gebruik kan word nie, sodat 'n toename in die tyd wat aan sleep bestee word, aanleiding kan gee tot 'n verswakking van die student se akademiese prestasiepeil, en andersyds op die literatuurstudie, waar daar aanduidings gevind is dat deelname aan buitemuurse bedrywighede (veral sport en ontspanning) negatief korreleer met studente se akademiese prestasiepeil (Hoofstuk 1: 3.5.1).

Wanneer Tabelle B(2.1) en B(2.2) nagegaan word, is dit duidelik dat hierdie hipotese slegs werklik geld ten opsigte van die Potchefstroomse dames (beide die VAS- en die NVN-groepe). By die Potchefstroomse mans is hierdie korrelasie selfs positief! Dié korrelasies by Pretoria is laag en meesal negatief.

Die sterk negatiewe korrelasie by die Potchefstroomse dames kan verklaar word, soos hierbo aangetoon; die positiewe korrelasies ten opsigte van die mans is met verwysing na verskeie faktore verklaar -- maar die merkwaardige verskil tussen die twee geslagte se reaksie op hierdie veranderlike is 'n glibberige probleem wat nie werklik opgelos kon word nie.

Vir 'n vollediger bespreking van hierdie resultate word daar verwys na Hoofstuk 3: 3.2.3, 3.4, 4.3.1, 4.4, 5.3.1 en 5.4.

1.6 Hipotese 6: Daar is 'n negatiewe verband tussen die frekwensie van sleep (aantal geleenthede per week) en die student se akademiese prestasiepeil

Hierdie veronderstelling kom in breë trekke ooreen met die vorige hipotese (nommer 5).

Die resultate ten opsigte van die verband tussen „sleep-frekwensie" en studente se akademiese prestasiepeil kom egter nie heeltemal ooreen met wat gevind is ten opsigte van

die tyd wat aan sleep bestee word en akademiese prestasie nie (vergelyk Tabela B(3.1) en B(3.2)). Daar is naamlik slegs 'n redelike swak verband tussen hierdie veranderlike en studente se akademiese prestasiepeil; by die mans neig dit na die positiewe kant toe en by die dames is dit effens negatief, maar geeneen van hierdie korrelasies is beduidend nie.

Vir 'n vollediger bespreking van hierdie resultate word daar verwys na Hoofstuk 3: 3.2, 4, 3.4, 4.3.3, 4.4, 5.3.3 en 5.4.

1.7 Hipotese 7: Studente wie se vriend(in) plaaslik woonagtig is (dit wil sê in dieselfde stad as die student self), vaar akademies beter as diegene wat elders sleep

Hierdie hipotese is gegrond op die veronderstelling dat die voordele en belonings en die stimulasie tot studie wat 'n vaste verhouding verskaf, 'n duideliker uitwerking sou hê wanneer daar gereelde en gereedlik beskikbare kontak tussen die twee partye is -- dit wil sê wanneer die student se sleep plaaslik woon.

Die gegewens in Tabel B(4) dui egter daarop dat daar geen sodanige verskille is nie -- trouens, studente wat plaaslik en dié wat elders sleep, vaar in die meeste gevalle bykans identies.

Die afleiding wat hieruit gemaak kan word, is dat die positiewe uitwerking van 'n vaste verhouding nie afhang van gereelde en gereedlik beskikbare versterking nie, maar eerder van die student se belewing van sy verhouding en die betekenis wat dit vir hom het.

Vir 'n vollediger bespreking van hierdie resultate word daar verwys na Hoofstuk 3: 3.3, 3.4, 4.3.4, 4.4, 5.3.4 en 5.4.

1.8 Hipotese 8: Die aard van die verband tussen studente se verhoudingslewe en akademiese prestasie verskil by die twee betrokke universiteite (Potchefstroom en Pretoria)

Hierdie hipotese is gegrond op die feit dat die twee universiteite waaruit hierdie steekproef getrek is, in baie opsigte verskil -- gevolglik trek hulle ook in 'n mate verskillende soorte studente. Hierdie verskille tussen die studente, en die feit dat sleep plaasvind teen die agtergrond van 'n besondere universiteit, waar daar op bepaalde wyses gereageer word op sekere aspekte van studente se verhoudingslewe, en wat oor die loop van hulle studentejare 'n sekere invloed op die studente het, mag daartoe aanleiding gee dat studente van universiteite wat verskil ten opsigte van grootte, ligging, waardes, sosiale klimaat, kommunikasie tussen groepe en dies meer, ook verskillend sal reageer (o.a. akademies gesproke) op bepaalde aspekte van hulle verhoudingslewe.

Die gegewens in die Derde Reeks (C) bevestig hierdie hipotese slegs in 'n mate. 'n Studie van die tabelle in dié reeks bring aan die lig dat studente van die twee universiteite in breë trekke eenders reageer op hulle verhoudingslewe, veral wat betref hulle sleeppatroon. Verskille wat wel gevind is, kan grotendeels verklaar word op grond van verskille tussen die twee inrigtings. Faktore in hulle verhoudingslewe speel egter, volgens alle aanduidings, 'n belangriker rol by die bepaling van hulle akademiese prestasiepeil as die besondere universiteit wat hulle bywoon.

Vir 'n vollediger bespreking van hierdie resultate word daar verwys na Hoofstuk 3: 4 (en veral na 4.2.3, 4.3.1, 4.3.2, 4.3.3, 4.3.4 en 4.4).

1.9 Hipotese 9: Die aard van die verband tussen studentese verhoudingslewe en hulle akademiese prestasie verskil by mans en dames

Hierdie hipotese is gegrond op die feit dat mans en dames verskillende rolle vertolk binne 'n verhouding, sodat hulle waarskynlik verskillend sal reageer op bepaalde aspekte daarvan. (Die literatuur dui ook op sodanige verskille.) Daar is ook aanduidings in die literatuur dat mans en dames op universiteit nie dieselfde probleme ondervind nie, of dieselfde soort probleme nie ewe intens beleef nie, op grond waarvan veronderstel kan word dat bepaalde aspekte van hulle verhoudingslewe onder sommige omstandighede dié probleme ten minste gedeeltelik kan teenwerk of uitskakel, en in ander gevalle dit kan vererger.

Die gegewens in die Vierde Reeks (D) bevestig nie hierdie hipotese nie. Die resultate dui daarop dat mans en dames merkwaardig eenders reageer op die meeste aspekte van hulle verhoudingslewe. Die verskille tussen die twee geslagte wat betref die verband tussen hulle verhoudingslewe en akademiese prestasie, is klein en slegs in 'n enkele geval noemenswaardig.

Die slotsom waartoe gekom kan word, is dat studente van die twee geslagte die meeste aspekte van hulle verhoudingslewe eenders beleef, of dat hulle (ten minste akademies gesproke) eenders daarop reageer.

Vir 'n vollediger bespreking van hierdie resultate word daar verwys na Hoofstuk 3: 5 (en veral na 5.2.3, 5.3.1, 5.3.2, 5.3.3, 5.3.4 en 5.4).

2 BETEKENIS EN IMPLIKASIES VAN DIE STUDIE

2.1 Algemeen

Omdat hierdie 'n gidsstudie was -- daar is heel weinig

vorige navorsing oor die betrokke onderwerp gerapporteer --, is daar 'n baie wye terrein gedek en is verskeie aspekte van studente van albei geslagte en van twee universiteite se verhoudingslewe ondersoek en in verband gebring met die relatiewe peil van hulle akademiese prestasie. Die besprekings en pogings om die resultate te verklaar was gevolglik dikwels oppervlakkig en bloot tentatief. Baie navorsing is nog nodig alvorens die presiese aard van die verband tussen alle veranderlikes in studente se verhoudingslewe en hulle akademiese prestasie werklik begryp kan word.

Desondanks is waardevolle en belangrike inligting ingewin -- inligting wat nie alleen heelwat meer lig werp op faktore betrokke by studente se universiteitsprestasie nie, maar wat ook by herhaling die belang en plek van studente se verhoudingslewe beklemtoon.

2.2 Die belangrikste implikasies van die studie

2.2.1 Die belang van studente se verhoudingslewe as faktor by die bepaling van hulle akademiese prestasiepeil

Enige studie wat handel oor veranderlikes wat 'n rol speel by die bepaling van 'n student se akademiese prestasiepeil, moet rekening hou met aspekte van hulle verhoudingslewe. Dit is veral belangrik om in gedagte te hou dat vaste en nie-vaste slepers se akademiese prestasies in teenoorgestelde rigtings beïnvloed word deur hulle sleeppatroon.

2.2.2 Die plek en belang van hulle verhoudingslewe vir studente

Uit die resultate het dit duidelik geword dat studente se verhoudingslewe 'n besonder belangrike, soms waarskynlik selfs 'n kardinale, rol kan speel tydens hulle universiteitsjare. Dit is nie alleen 'n saak wat geassosieer moet word met goeie

of onbevredigende akademiese vordering nie. -- Sleep is 'n belangrike sosiale handeling en verhouding, wat onder sekere omstandighede 'n positiewe en opbouende uitwerking kan hê op die student se persoonlikheidsontplooiing, ego-integrasie, geluk en algemene funksionering, maar wat onder ander omstandighede aanleiding mag gee tot onvolledige of eensydige ontwikkeling en ander ongewenste eienskappe soos ongelukkigheid, desoriëntasie, verlaagde motivering en algemene ondoeltreffendheid.

Perspektief: Dit is baie belangrik dat 'n ondersoeker (en 'n leser!) hom nie volkome verlaat op bevindings soos dié van die huidige studie nie. Hierdie bevindings het betrekking op 'n enkele periode in die student se ontwikkeling, en slegs 'n klein aantal fasette van hulle lewe is aan die ontleedmes onderwerp.

Hoewel dit volgens hierdie ondersoek dus onteenseglik so is dat vas sleep byvoorbeeld geassosieer kan word met bevredigende en nie-vas-nie sleep met onbevredigende akademiese vordering, moet dit in gedagte gehou word

(i) dat akademiese prestasie slegs 'n enkele kriterium verteenwoordig, en dat hierdie sleeppatrone op ander terreine moontlik 'n ander uitwerking mag toon; en

(ii) dat akademiese prestasie op 'n bepaalde situasie of ontwikkelingsfase betrekking het, en dat dit mag wees dat die genoemde sleeppatrone op die lang duur heel verskillende gevolge mag hê.

Dit kan byvoorbeeld nie ontken word nie dat vas sleep, juis omdat dit kontak met die teenoorgestelde geslag in 'n mate bekamp, aangesien so 'n verhouding (implisiet) inhou dat die betrokke partye nie met ander persone sal uitgaan nie, juis

vanweë die mindere mate van sosiale kontak wat dit toelaat, aanleiding mag gee tot 'n sosiaal onvolledig ontwikkelde persoon en selfs tot 'n huwelik wat nie gevolg het op breë kontak met persone van die teenoorgestelde geslag nie, sodat daar nie op dié wyse vasgestel kon word of die paar 'n ideale kombinasie is nie. Hier het die nie-vaste sleper beslis 'n voorsprong; as daar dus gevind word dat die student wat hierdie sleeppatroon gevolg het, eventueel in 'n ryper en vollediger mens ontwikkel, wat die genot smaak van werklike sosiale en huweliksaanpassing, sal dit 'n vingerwysing wees wat ons waarsku teen oorhaastige gevolgtrekkings op grond van oorvereenvoudige kriteria.

Die bostaande betoog wil egter nie die waarde en bevindings van hierdie studie minimaliseer nie. Daar is genoeg aanduidings gevind van werklik positiewe eienskappe by vaste sleepers en van gewenste gevolge van hierdie sleeppatroon, en die teenoorgestelde ten opsigte van die nie-vaste patroon, dat daar tog aangeneem kan word dat studente wat vas sleep nie alleen tydens hulle universiteitsjare en nie alleen ten opsigte van hulle akademiese prestasiepeil 'n voorsprong het op ander groepe nie, maar dat hierdie voorsprong ook op die lang duur en ten opsigte van talle fasette van hulle lewe kan geld. Die betoog was slegs 'n waarskuwing teen oorhaastige gevolgtrekkings en growwe veralgemenings.

2.2.3 Sleepers: geen homogene groep

Sover vasgestel kon word, is hierdie die enigste studie waarin daar onderskei is tussen vaste en nie-vaste sleepers. Die bevindings dui daarop dat dié twee groepe nie bloot as „sleepers” gesien mag word nie, daar hulle akademies, maar na alle waarskynlikheid ook in talle ander opsigte, verskil. (Vergelyk ook Hoofstuk 3: 2.4.1.2.)

2.2.4 Veralgemening ten opsigte van universiteite

By enige navorser wat hom toespits op sake soos faktore betrokke by studente se akademiese prestasiepeil, duik die vraag waarskynlik dikwels op: In hoeverre kan bevindings veralgemeen word? In hoe 'n mate kan resultate wat op sekere -- veral buitelandse -- universiteite betrekking het, gesien word as aanduiding van neigings wat by ander -- veral plaaslike -- universiteite verwag kan word?

Die resultate van die huidige studie lewer slegs 'n klein bydrae tot die verheldering van hierdie probleem. Hoewel daar baie bevindings was wat, blykens hierdie ondersoek, nie strook met bevindings wat op ander universiteite betrekking het nie, was dit tog opvallend dat daar in baie opsigte weinig verskille was tussen die onderhawige twee universiteite ten opsigte van die verband tussen studente se akademiese prestasie en aspekte van hulle verhoudingslewe (vergelyk die Derde Reeks (C) in Hoofstuk 3). Daar moet egter toegegee word dat albei Afrikaanse inrigtings is; daar kan groter verskille verwag word tussen universiteite wat in meer opsigte verskil.

Die slotsom is dat veralgemening ten opsigte van sake soos hierdie wel moontlik is, maar dan moet daar uiters versigtig te werk gegaan word; dit is veral belangrik om die aard van die onderskeie universiteite te analiseer en te probeer vasstel hoe dit dié universiteit se studente sal raak wat betref hulle waardesisteem, instelling, houdings en dies meer, aangesien dit 'n uitwerking kan hê op hulle reaksie op verskeie gebeurtenisse en situasies.

2.2.5 Belang van kontroleveranderlikes

Die resultate van hierdie ondersoek beklemtoon die belang van kontrolefaktore wanneer gegewens wat betrekking het op

die mens, verwerk en geïnterpreteer word. Was dit nie dat studente se matriekpunte met die oog op kontrole ingevoer is nie, sou die resultate heel anders daar uitgesien het, en sou die interpretasie van die gegewens daadwerklike probleme opgelewer het. Meer: dit sou in baie gevalle onakkuraat gewees het en 'n verdraaide beeld geskep het.

In die lig van die geredelike beskikbaarheid van die rekenoutomaat, het dit in ons tyd onnodig, self onmoontlik, geword om studies van hierdie aard aan te pak sonder om veranderlikes wat as kontrole kan dien, in te voer by die berekening en interpretasie van die resultate. Wanneer daar met mense materiaal gewerk word, veral, is die inagneming van sodanige kontroleveranderlikes gebiedend noodsaaklik.

Dit is moontlik om veel meer kontroleveranderlikes as wat in die huidige studie gebruik is, in aanmerking te neem. Inderwaarheid is dit nodig om soveel veranderlikes as moontlik te gebruik om die akkuraatste en mees betekenisvolle resultate te verseker.

2.3 Instansies wat by die bevindings van hierdie studie kan baat

2.3.1 Studente

Selfbegrip is 'n voorvereiste vir gesonde en doeltreffende ego-funksionering -- en ook vir optimale akademiese prestasie (vergelyk Bhatnagar²⁾). Wanneer studente bewus is van die waarskynlike uitwerking van hulle (werklike of geantisipeerde) verhoudingslewe op sake soos hulle sosiale en persoonlikheidsontwikkeling en hulle akademiese sukses, kan dit lei tot beter selfbegrip en al die positiewe gevolge wat daarmee geassosieer word.

2.3.2 Ouers

Wat hierbo gesê is, geld ook vir studente se ouers, wat dikwels in die war is oor wat om te dink en te verwag van hulle kinders aan die universiteit. Kennis is nodig aangaande sake soos die rol, betekenis en uitwerking van hulle kinders se verhoudingslewe, waardeur sekere verskynsels ten opsigte van hulle akademiese vordering (al dan nie!) moontlik ook duidelik sal word.

2.3.3 Dosente

Vir die opvoedingstaak om te kan slaag, is 'n goeie student-dosentverhouding 'n essensiële voorvereiste. So 'n verhouding, en die optimale rapport en kommunikasie wat daarmee gepaard gaan, hang grotendeels af van wedersydse begrip. Hoewel hulle verhoudingslewe slegs 'n enkele aspek van die student se lewe is, is dit duidelik dat dit nou verwant is aan sy akademiese prestasiepeil -- 'n saak waarin die dosent natuurlik in die besonder belangstel. Kennis aangaande en begrip van die verband tussen studente se verhoudingslewe en hulle universiteitsvordering, kan die verhouding tussen die dosent en sy studente op 'n gesonder grondslag plaas, wat alleen goeie vrugte kan afwerp.

2.3.4 Voorligters

Die voorligter of voorligtingsdosent op universiteit kry daagliks te doen met studente met probleme van akademiese of meer persoonlike aard. Kennis van die verband tussen 'n belangrike aspek van die student se persoonlike lewe, naamlik sy verhoudingslewe, en talle ander fasette van sy universiteitsbestaan, waaronder sy akademiese vordering, kan lei tot beter insig in en begrip van studente se behoeftes, frustrasies en probleme.

Aangesien die belangrikste aspek of doel van universiteitsbywoning is om akademies te slaag, en in baie gevalle om goed te slaag, is kennis aangaande alle faktore wat betrokke is by die bepaling van die peil van studente se akademiese prestasie noodsaaklik. En as dit kom by 'n saak wat so 'n ingrypende uitwerking op talle terreine van die student se lewe het, naamlik sy verhoudingslewe, kry hierdie studie en die resultate daarvan dubbele betekenis.

3 BEPERKINGS VAN DIE STUDIE

Daar is nooit voorgegee dat hierdie studie omvattend en diepsnydend genoeg is om van buitengewone betekenis en waarde te kan wees nie. Uit die aard van die saak -- hierdie is immers 'n gidsstudie op 'n grotendeels onverkende terrein -- moes die steekproef tot 'n bepaalde groep beperk word en moes die veranderlikes wat bestudeer is, ietwat lukraak gekies word.

Die vernaamste beperkings van die studie kan dus soos volg opgesom word:

- (i) Die steekproef het slegs uit B.A.-studente bestaan.
- (ii) Slegs derdejaars is by die studie betrek.
- (iii) Slegs twee universiteite (albei Afrikaans) is by die studie betrek.
- (iv) Daar is talle fasette van studente se verhoudingslewe wat van groot belang -- ook wat betref die bepaling van hulle akademiese prestasiepeil -- mag wees, wat nie in hierdie studie ondersoek is nie. (Waarskynlik die belangrikste enkele veranderlike wat nie in berekening gebring is nie, is die tyd wat studente van die GN-groep reeds nie sleep nie, waarby waarskynlik gevoeg sal moet word die aard van hulle vorige verhoudings, indien enige.)

(v) Slegs een lid van elke paartjie is telkens by die studie betrek. 'n Student se vriend(in) kan na alle waarskynlikheid 'n bepalende rol in sy/haar belewing van die betrokke verhouding en sy/haar reaksies op bepaalde aspekte daarvan speel.

Hierdie beperkings en tekortkomings ten spyte het die navorsing genoeg waardevolle en bruikbare resultate gelewer om verdere studies van hierdie aard te vergemaklik.

4 AANBEVELINGS VIR VERDERE STUDIE

In die loop van die ondersoek is heelparty moontlikhede vir verdere navorsing oor hierdie terrein aangeteken. Hier volg enkele aanbevelings:

(1) 'n Studie van min of meer dieselfde aard, maar met die insluiting van albei partye in die betrokke verhouding.

(2) 'n Longitudinale of lengtedeursneestudie (sê oor die loop van hulle voorgaande jare) van die verband tussen 'n groep studente se verhoudingslewe en hulle akademiese prestasie.

(3) 'n Opvolgstudie, waardeur enkele langtermyngevolge van bepaalde aspekte van studente se verhoudingslewe (soos oorwegende sleeppatroon) bepaal kan word.

(4) 'n Studie meer spesifiek gerig op studente se verhoudingslewe, waar dié saak deeglik ontleed word, en die verband daartussen en méér sake as slegs hulle akademiese prestasie deeglik nagegaan word.

(5) 'n Vergelykende studie van min of meer dieselfde aard as die huidige, waar verskillende kursusgroepe, fakultete en selfs universiteite en verskillende jaargroepe vergelyk word ten opsigte van die verband tussen studente

se akademiese prestasies en sekere aspekte van hulle verhoudingslewe, of waar die vergelyking bloot gaan om ooreenkomste en verskille in die verhoudingslewe as sodanig van studente van verskillende kursusse, fakulteite, universiteite en jaargroepe.

(6) 'n Studie van studente wat nie sleep nie: biografies, ten opsigte van hulle persoonlikheid, sosiale verhoudings, houdings teenoor sleep (en die oorsprong daarvan), hulle akademiese vordering e.d.m.

(7) 'n Transkulturele ondersoek, waarby 'n Afrikaanse, Engelse en een of meer (vanweë die klein getalle) Bantoe-universiteite betrek word.

5 OPSOMMING VAN DIE ONDERSOEK

Hierdie studie is onderneem as 'n poging om te bepaal of daar faktore in studente se verhoudingslewe is wat 'n verband hou met hulle akademiese prestasiepeil, en, indien wel, watter faktore dit is; en om die aard van hierdie verband vas te stel en te probeer verklaar.

Derdejaar-B.A.-studente (beide mans en dames) van die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. en die Universiteit van Pretoria is in die ondersoek betrek.

Daar is vasgestel dat daar wel 'n verband is tussen sekere aspekte van studente se verhoudingslewe en hulle universiteitsprestasie:

Die vernaamste bevinding was dat studente wat hulle self klassifiseer as vaste sleepers byna deurgaans beter presteer as waartoe hulle volgens hulle akademiese potensiaal (-- hulle matriekpunte is statisties as die beste aanduiding hiervan geïsoleer) in staat is, terwyl studente wat wel sleep, maar nie vas nie, in verreweg die meeste gevalle swakker vaar as waartoe hulle werklik in staat is.

Daar is talle aanduidings dat hierdie groepe nie alleen akademies verskil nie, maar ook ten opsigte van etlike ander eienskappe, wat weer deur die aard van hulle besondere verhoudings verder ontwikkel (kan) word.

Studente wat nie sleep nie, vaar soms ietwat beter, dan weer swakker as waartoe hulle in staat is; daar is geen duidelike patroon nie.

Van die ander veranderlikes in hulle verhoudingslewe wat in sommige gevalle 'n beduidende verband toon met studente se akademiese prestasiepeil, is die tyd of periode wat hulle reeds vas sleep en die tyd (gemiddeld per week) wat aan sleep-aktiwiteite bestee word.

Daar is in enkele gevalle verskille gevind tussen studente van die betrokke universiteite wat betref die verband tussen hierdie veranderlikes en hulle akademiese prestasiepeil.

Ten opsigte van die twee geslagte is hierdie verskille uiters gering.

Die studie het dus verdere lig gewerp op faktore wat betrokke is by die bepaling van studente se akademiese prestasiepeil.

Dit het verder die belang van hulle verhoudingslewe en die verband daartussen en talle aspekte van hulle studente bestaan, waaronder hulle akademiese vordering, beklemtoon.